



SOTERIA

SEWE PILARE VAN 'N GODDELIKE FAMILIE - VERGIFNIS

Stephen Smith, 9 Oktober 2011

Vergifnis: *Maak jou rekord skoon teenoor die wat onbillik teenoor jou was en hou geen wrok teen hulle nie.*

Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

Efesiërs 4:32

Daar is drie deure in ons lewe wat toegang verleen aan die gees van twis. Dit is ons tong, ons trots en ons redevoering. Om vergifnis te verstaan moet ons leer om hierdie deure gesluit te hou sodat die vyand nie kan inkom nie.

Die deur van die tong:

Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.

Jakobus 3:6

Wanneer iemand ons beledig of ons gevoelens seermaak, kan ons vinnig met skerp woorde reageer. Dit is egter beter om die belediging te ignoreer en God toe te laat om met die persoon te handel.

Die lippe van die dwaas kom met getwis, en sy mond roep na slae.

Die mond van die dwaas is sy ondergang en sy lippe 'n strik vir sy lewe.

Die woorde van die kwaadstoker is soos lekkernye, en dit gly af na die kamers van die binneste.

Spreuke 18:6-8

Die deur van ons trots:

Mense wat altyd beter weet, beland maklik in rusies. Gelowiges luister graag na ander en neem hulle standpunte in ag.

Spreuke 13:10 (Boodskap)

Selfverheffing lei altyd tot twis; die wat goeie raad aanneem, het wysheid. (NV)

Dit is die trotse hart wat weier om stil te bly. Die trotse mens moet die laaste sê hê – daarom het hy ook nooit vrede nie. Trotsheid lei nie tot oorwinning nie. Die Woord van die Here leer dat trotsheid of selfverheffing tot vernietiging lei.

Oordeel, kritiek en geskinder maak die deur oop vir twis en tweedrag wat lei tot onvergifnis. Alles spruit egter voort uit trots.

Die deur van redevoering:

Definisie: *Uitgewerkte toespraak of rede.*

Redevoering, redetwis of twisgesprek hou verband met twis en tweedrag. So lank ons dink ons weet alles, weet ons eintlik niks nie! Sodra ons begin beseft dat ons nog baie het om te leer en ophou om ons eie menings voorop te stel, het ons op die plek gekom waar ons werklik kennis en insig kan verkry.

Paulus het gesê:

En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle.

Romeine 16:17

Die geskiedenis leer ons dat die Fariseërs gedurig besig was met redevoering of redetwis oor die Skrifte. Daar is dikwels tweedrag onder Christene terwyl hulle hul besig hou met redevoering oor die Skrif.

Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

I Korinthiërs 2:2

Twis en tweedrag

Die gees van twis en tweedrag het 'n opdrag vanuit die hel ontvang om vernietiging en verwoesting te saai waar hy ookal beweeg.

Definisie van twis: *Rusie, onenigheid, tweedrag.*

Ander beskrywende woorde wat twis ook kan definieer, is *onmin, verdeeldheid, skoor, geskil, vete, naywer, wedywer, provokasie en redetwis.*

Hierdie is 'n demoniese gees. Hoe lyk hy?

- Die gees het 'n **helm van trots**
- 'n **Borswapen van ongeregtheid**
- Hy het 'n **swaard van bitterheid**
- **Skild van haat**
- Aan sy **gordel het hy 'n hamer van oordeel**
- Hy het 'n **kleed van bedrog**
- Aan sy voete **skoene van woede**
- **Leuentaai is op sy lippe**

Indien die atmosfeer by die huis 'n sterk ondertoon van vyandskap, spanning en rusie het in plaas daarvan om vrede te openbaar, is dit 'n besliste oop deur vir rebellie by die kinders. Hulle kom in opstand bloot omdat die atmosfeer waarin hulle opgroei dit daartoe verleen.

Dikwels openbaar ons dieselfde gedrag as waarvoor ons ons kinders aanspreek.

Vergifnis: *Maak jou rekord skoon teenoor die wat onbillik teenoor jou was en hou geen wrok teen hulle nie.*

Vergewe dadelik

Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.

Kolossense 3:13

Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.

Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

Matthéüs 18:19-20

Die Here het so 'n vurige begeerte vir eenheid en harmonie dat Hy beloof om in die midde van twee of meer persone te wees as hulle alles in hul vermoë doen om onmin uit hul lewens te weer en in vrede te leef. Hy sê ook dat die krag van eenheid ons gebede op 'n positiewe wyse beïnvloed. Mense van vrede ontvang wat hulle vra.

Wanneer ons weier om ander mense te vergewe, maak ons 'n deur oop vir die vyand om ons te pynig. Ons verloor ons vryheid. Daardie wonderlike vryheid wat God vir ons bedoel het as ons in Sy weë wandel. God se liefde skenk Hy vryelik. Hy is genadig en barmhartig, word nie gou kwaad nie en vergewe ons volkome. Ons verwag God se vryheid en seëninge sonder om te leef volgens Sy wil. Vergifnis moet 'n lewenstyl word.

Moenie op gevoelens ag slaan nie, neem eerder die erns van besluitneming in ag. Liefde is nie 'n gevoel nie – dit is 'n besluit. Jou besluit om te vergewe kan uiteindelik gevoel bewerkstellig!

Moenie in onmin leef omdat jy nie wil toelaat dat enigeen wat jou seergemaak het, dit 'n tweede keer sal regkry nie. As iemand jou aanstoot gee, moenie dit in jou geheue opteken en 'n muur oprig om daardie persoon buite te hou nie. Dit veroorsaak dat jy wrokke teen mense koester, maar in werklikheid hou die wrokke jou gevang.

Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê.

Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.

En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortreding mag vergewe.

Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.

Markus 11:22-26

Ons noem onself gelowiges, maar ons glo nie ons kan die dinge doen wat ons weet ons moet doen nie. Wees meer positief ingestel, vol van geloof en tree meer aggressief teenoor onmin en onvrede op! Vergewe dadelik! Vergewe vryelik en onvoorwaardelik! Dink daaraan hoe God jou daagliks vergewe!